# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 27** **17 Augustus 2025**


## BEWUSTELIK JUBEL

In hierdie Jubeljaar gaan dit allereers om lof en eer aan die Here. Jubel geskied veral deur sang en lied. Baie bekende en geliefde lofliedere (soos Psalms 103, 146 – 150) weerklink telkens gedurende ons eredienste, en met goeie reg. Hierdie lofliedere kom egter eers tot volle reg as die sanger nie net konsentreer op melodie en sang nie, maar veral ook op die woorde. Laasgenoemde word mettertyd verwaarloos, veral in die sing van baie bekende liedere, met as voorbeeld die dikwels gedagtelose sing van Psalm 146:1:

*Prys die Heer met blye galme,*
*o, my siel, daar's ryke stof!*
*'k sal solank ek leef, my psalme*
*vrolik toewy aan sy lof*
*en Hom, wat sy guns my bied,*
*altyd groot maak in my lied.*

Die bewustelike sing van hierdie psalmvers behels die volgende:

***Prys die Heer met blye galme***: Dit is die Here, die Skepper van hemel en aarde, en ons Vader in Jesus Christus, wat geloof word, en dit voluit, en met blydskap oor Sy genade.

***o, my siel, daar's ryke stof!***: Ek herinner myself daaraan dat die seëninge van die Here in my lewe talryk is, en oor tyd en ewigheid strek.

***'k sal solank ek leef, my psalme vrolik toewy aan Sy lof***: My lof aan God is met vreugde deel van my hele lewe, of dit nou goed, of minder goed gaan.

***en Hom, wat sy guns my bied, altyd groot maak in my lied***: Dit is die Here wat in Sy goedertierenheid Sy helpende hand in Christus na my uitgesteek het, en my vir ewig Sy kind gemaak het. Daarom kan ek nie anders nie as om Hom altyd, in alle omstandighede, te loof vir die oneindige omvang van Sy liefde en majesteit.

By al die baie seëninge van ons Here, het Hy ons ook geseën met die vermoë om te dink en te konsentreer. Laat ons Hom dus loof met die bewustelike sing van elke lofpsalm, en daarmee saam elke lied waarin ons tot Hom nader.

Oudl Gerrit Kamper

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 17, Ps 105:5 Volgende week: Les 18, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Ekspando** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17-Aug | Wessel | Brits | B15 | 0724478230 |
| | Ment | Deist | B15 | 0724136860 |
| | Hester | Enslin | C02 | 0636249255 |
| | Ronelle | Hall Visser | B16 | 0823706408 |
| | Hein | Kaiser | C06 | 0827727718 |
| | Cassie | vd Walt | B11 | 0823722434 |
| 18-Aug | Bets | Kotzé | C05 | 0723458304 |
| | Piet | Malan | C14 | 0824473911 |
| | Sonja | vd Dussen | B17 | 0824137309 |
| 19-Aug | Carina | Koch | C08 | 0724428655 |
| | Wynand | Loots | A08 | 0844717525 |
| | Magda | Pelser | A05 | 0827808746 |
| | Gerrie | Viljoen | B15 | 0823784972 |
| 20-Aug | Marlize | Bond | B04 | 0832599446 |
| 21-Aug | Quinton | Pretorius | A12 | 0820605444 |
| | Hanneke | Swanepoel | A18 | 0824908184 |
| 22-Aug | Gustav | Hoffmann | A02 | 0832004067 |
| | Pieter | Pretorius | C08 | 0716002708 |
| | Anna | Venter | B07 | 0827733902 |
| 23-Aug | Douw | Breed | A08 | 0826833553 |
| | Eugene | Oosthuizen | A16 | 0825525607 |
| | Frikkie | Pelser | A05 | 0827808756 |

## Dooplidmate


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17-Aug | Leá-Mari | v Niekerk | C06 | 0722330949 |
| | Wian | v Niekerk | A09 | 0659565601 |
| 18-Aug | Anzelle | Potgieter | A02 | 0745849413 |
| | Ruben | Venter | A16 | 0825622431 |
| 19-Aug | Elizmari | van Rooy | C09 | 0828264850 |
| 20-Aug | Anneme | Venter | A04 | 0714855995 |
| | Wilmie | Venter | A04 | 0714855995 |
| 21-Aug | Leah | Erasmus | B09 | 0833566579 |
| 22-Aug | Liam | du Plessis | B18 | 0790726303 |
| 23-Aug | Christiaan | Jacobs | B14 | 0833567597 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Wilna Algera het toetse ondergaan (B6 - 653 0825).
- Liesje Kuperus ondergaan Woensdag 'n skoueroperasie (B7 - 083 481 1160).
- Isie Breytenbach sterk aan na 'n hartklep vervangingsoperasie (A3 - 084 582 0994).
- Johan Kotze sterk aan in die hospitaal met longprobleme (C5 - 083 993 3846).
- Ughu Grünenfelder sterk aan in Midstream Mediclinic met harsingskudding (C15 - 071 491 0797).
- Trudie Steyn gaan komende week 'n prosedure ondergaan (A5 – 082 886 7468).
- **Meelewing** word betuig met Johan Reinecke en familie na die afsterwe van Johan se Moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***



## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Student Morkel Johl

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Emmertjies **Wateroplosbare kunsmis** 750gr @ R100 nou beskikbaar. WApp Susan 072 124 1076 Monumentsig Aftree-oord en reël vir afhaal.

**PF Wolmarans Prokureurs -** Opstel van testamente, boedel-bereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Ervare liefdevolle versorger** beskikbaar vir bejaarde of hulpbehoewende familielid. Bereid om enige plek in SA te werk. Skakel Ann Forbes 072 335 9273 vir meer besonderhede.

## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Droëwors 400g @ R100

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## J a g - v i r - j o u - K e r k



**Die jagseisoen is oop!!**

Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



## Padkos

Padkos is 'n WhatsApp goep waarop daar vir 6 dae van die week 'n dagstukkie per stemboodskap versprei word. Dis Die Almanak se oordenkings waarvan die betrokke Skrifdeel en die oordenking van die betrokke dominee gelees word, gevolg deur 'n kort gebed.

Op die groep het net die administrateurs van die groep plasingsreg.

Jy word uitgenooi om dit te ontvang deur van die volgende skakel gebruik te maak wat jou deel van die Padkos WhatsApp groep sal maak:

Open this link to join my WhatsApp Group: https://chat.whatsapp.com/BY0jceZQqrlEvoQNEPwUXA?mode=ac_t

Ongelukkig is dit slegs per WhatsApp beskikbaar.

## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Ernest Borman (Snr), Hennie vd Walt, Louis v Wyk

Diak: Dirk Kozé, Morkel Johl




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**17 Aug**

Lucille Kotze (sameroeper)

Graad 10

**24 Aug**

Marisa Melck (sameroeper)

Graad 4











**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**






**Daar is van0goggend 'n tafel onder die Olyfboom waar u vir die Jubelkamp kan registreer**

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Helderheid oor God se plan vir my lewe

**Skriflesing:**
Eksodus 19:1-11
(2020)

**Teksvers:**
Eksodus 19:4

**Sing:**
Ps 68:9, 12
Ps 112:1, 2, 3
Sb 10-2
Ps 118:7, 8, 14
SB 13-3

**Prediker**: Dr Douw Breed

**1. Insig in die beslissende oorwinning**

Israel het self die saakmakende oorwinning oor Egipte gesien. Israel is nie meer slawe nie. Ken jy jou vryheid volgens God se plan, gelowige?

**2. Helderheid oor versorging**

Israel ontvang 'n goddelike perspektief op die pad vol worstelinge deur die woestyn. Ken ek hierdie goddelike perspektief?

**3. Duidelikheid oor die sentrum van God se plan**

Die kern van God se plan vir Israel was nie die verlossing uit die mag van Egipte nie. Hy het hulle na Homself gebring. Het ek helderheid oor die kern van God se plan vir my?

## S O N D A G A A N D 18:00

## Hy vir wie baie vergewe is, het baie lief, maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief

**Skriflesing:**
Lukas 7:36 - 50
(2020)

**Teksvers:**
Lukas 7:47

**Sing:**
Ps 31:15,17
Ps 103:1,2
Ps 103:9,11
Ps 40:4,8
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Jesus maak hier 'n noue verbintenis tussen vergifnis en liefde. Hierdie gedeelte vertel van 'n vrou wat moontlik 'n slegte lewe gelei het, en deur Jesus verseker is dat al haar sondes vergewe is.

Die besef van haar baie sondes, het haar gedring om vir Jesus liefde te betoon en dankie te sê. Sy het nie aan die gebruike en voorskrifte van die Fariseërs gedink nie. Sy het haar besef van vergifnis, in liefdesdade laat oorgegaan. Daarom het sy met haar trane en salf Jesus se voete gewas en met haar hare droog gemaak.

Wat word in jou lewe sigbaar as jy aan al jou sondes dink wat volkome deur Jesus Christus vergewe is? Kom ons dink 'n bietjie na oor ons liefde vir die Here en vir mede-gelowiges. Onvergewensgesindheid lei tot liefdeloosheid of 'n gebrekkige behoefte om die Here en my naaste onvoorwaardelik en met oorgawe lief te hê.